**2020-03-29**

**Jou gee is jou neem, jou neem is jou gee.**

**Handelinge 5:1-11**

Goeie more aan u elkeen. Dit is weereens ‘n baie groot voorreg om saam met u te wees waar u uself ookal bevind.

*Votum:*

1. Ek soek U, o God, my God,
ek dors na U, God,
soos ‘n land sonder water,
wil ek tot u nader,
om by U te wees,
om by U te wees.

2. As ek saans aan U dink, my God,
oor U peins in die nag,
dan weet ek U help my,
U hand ondersteun my,
Ek wil naby U bly,
ek wil naby U bly . . .

<u>Refrein</u>:
*Want U liefde is meer werd as die lewe,*
*daarom sal ek U vir altyd prys;*
*ek hande ophef om u Naam te eer,*
*want U is die Heer vir wie ek lewe, lewe, lewe . .* (Nav Ps 63)

(Flam 22:vv. 1-2)

Geliefdes ek groet u in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilge Gees, genade en vrede vir u, mag u ook in hierdie duister tyd die lig van ons Heer erfaar.

*Liedere:*

- **Lance James:** Dankie - https://www.youtube.com/watch?v=v_6sOaDOXIE
- **Retief Burger:** Leeu van Juda - https://www.youtube.com/watch?v=SnF8BBH0iIY

*Gebed:*

- **Verskeie kunstenaars:** Die Onse Vader - https://www.youtube.com/watch?v=XWkLSu8zis0

Ons lees vandag saarm uit Handelinge 5:1-11. Die bekende verhaal van Annanias en Saffira.

**ANANIAS EN SAFFIRA**

1. MAAR DAAR WAS OOK 'N SEKERE MAN, ANANIAS, EN SY VROU, SAFFIRA, WAT 'N EIENDOM VERKOOP HET.
2. MET DIE MEDEWETE VAN SY VROU HET HY VAN DIE VERKOOPPRYS VIR HULLESELF AGTERGEHOU EN NET 'N GEDEELTE DAARVAN GEBRING EN VIR DIE APOSTELS GEGEE.
3. PETRUS SÊ TOE VIR HOM: "ANANIAS, HOEKOM HET JY JOU DEUR DIE SATAN LAAT OMHAAL OM VIR DIE HEILIGE GEES TE LIEG EN VAN DIE VERKOOPPRYS VAN DIE GROND VIR JOUSELF AGTER TE HOU?
4. DIE GROND WAS MOS JOUNE, EN TOE DIT VERKOOP IS, KON JY MET DIE GELD GEMAAK HET WAT JY WOU. WAT HET JOU BESIEL OM DIT TE DOEN? JY HET NIE VIR MENSE GELIEG NIE MAAR VIR GOD."
5. TOE ANANIAS DIT HOOR, HET HY DOOD NEERGEVAL; EN AL DIE ANDER WAT DIT GEHOOR HET, HET BAIE BANG GEWORD.
6. 'N PAAR VAN DIE JONGES HET NADER GEKOM, HOM TOEGEDRAAI EN GAAN BEGRAWE.
7. OMTRENT DRIE UUR LATER HET SY VROU DAAR AANGEKOM, ONBEWUS VAN WAT GEBEUR HET.
8. PETRUS VRA TOE VIR HAAR: "SÊ VIR MY, HET JULLE DIE GROND VIR SOVEEL VERKOOP?" "JA," SÊ SY, "VIR SOVEEL."
9. TOE SÊ PETRUS VIR HAAR: "WAAROM HET JULLE OOREENGEKOM OM DIE GEES VAN DIE HERE UIT TE TART? DIE MENSE WAT JOU MAN BEGRAWE HET, IS NOU NET WEER BY DIE DEUR, EN HULLE SAL JOU OOK UITDRA."
10. SY HET ONMIDDELLIK VOOR PETRUS DOOD NEERGEVAL. DIE JONGMANNE HET INGEKOM, GESIEN SY IS DOOD, EN HAAR BY HAAR MAN GAAN BEGRAWE.
11. DIE HELE GEMEENTE EN AL DIE ANDER MENSE WAT HIERVAN GEHOOR HET, HET BAIE BANG GEWORD.

Verlede week het ons begin om te gesels oor om 'n nuwe rat seepglad en veilig oor te skakel. Dat dit in baie fasette van ons lewens, van huis, werk, en kerk bitter baie belangrik is.

Hierdie week is die fokus na wat ons tot ons beskikking het, en hoe ons dit moet aanwend. Aan die hand van die verhaal van Ananias en Saffira en ander teksgedeeltes gaan ons kyk na die hele konsep van gee en neem.

Verlede week het ons vlugtig gesels oor die Vrug van die Gees, en die Gawes van die Gees, en hoe dit van mekaar verskil. Dit gaan ons vertrekpunt wees vir vandag, met hoe dit ons fondasie moet wees.

Ons gaan kyk na hoeveel ons moet gee, wat ons moet en kan gee, vir wie ons kan gee.

Die kerk wat tot stand gekom het om die nalatenskap van Jesus moes laat voortleef, was besig om al hoe groter en sterker te word. Selfs die teënstand wat die kerk beleef het kon die kerk nie stuit nie. Dit sou later selfs maak dat die kerk juis teen ‘n verstommende pas uitbrei. Om die kerk te stop was moeiliker as om water met ‘n tennisrakket te keer.

Die behoud van die kerk was dat dit vinnig op huisvlak posgevat het. Daar was enkele byeenkomste in die sinagoges, maar dit was hoofsaamlik saam met die Jode. Weens die verskille rakend Jesus sou daar later ook skeuring plaasvind en die Kerk van Christus was net op huisvlak gewees.

Mense sou vir eredienste bymekaarkom in huise en maaltye saam geniet. Om die kerk te befonds sou mense hulle eiendom verkoop en die geld wat daaruit verkry is skenk vir die voortbou van die kerk. Weens die grootskaalse vervolging van die kerk kon die kerk nie op die tradisionele wyse vir befondsing vra nie, dit is daarom wat die gelowiges letterlik uit hulle pad gegaan het om die kerk se voortbestaan te verseker.

Alle fondse wat ingekry was is in ‘n sentrale fonds geplaas. Die fondse is aangewend om gelowiges en behoeftiges te voorsien aan hulle hehoeftes. Hierdie benadering van die kerk was ongekend. Die gelowiges het tot hier toe net geken van om ‘n bydrae aan die kerk te maak wat weer aangewend was om die fasiliteite te onderhou en die ampte te vergoed.

Die bedoeling was dat niemand bo iemand anders was nie dat almal dieselfde moes kry. Dit was dus nie noodwendig ‘n vaste reël dat mense alle geld wat hulle vir die verkoop van die eiendom moes kry vir die kerk moes gee nie, maar dit was ‘n “gentelmans agreement”.

Ons moet een ding in gedagte hou voor ons na die verhaal van Ananias en Saffira kyk. Die kerk was in sy kinderskoene, en die verbintenis van alle lidmate was van kardinale belang. Vertroue wedersyds was aan die orde van die dag.

Die verhaal handel oor ‘n egpaar wat ingekoop het in die Jesus beweging, die nuwe geloof wat tot stand gekom het. Om deel te voel het hulle ook hulle grond verkoop om sodoende bydrae te maak tot die kas van versorging van die ander medegelowiges.

Daar kan soveel verduidelikings wees waarom hulle nie die volle bedrag aan Petrus-hulle oorhandig het nie. Ons kan baie in diepte daarop ingaan.

Soos Petrus ook tereg gesê het, dat dit nie gaan oor die feit dat hulle gedeelte teruggehou het nie, maar oor die feit dat hulle oneerlik was daaroor. Dit is basies onmiddelike vertouensbreuk.

Die kerk wat toe nog in sy kinderskoene was het nie dit nodig gehad nie. Dit is daarom wat hulle doodgegaan het, om ander te waarsku om nie dieselfte fout te maak en te jok nie.

Die kerk is deurgaans in ‘n fase van verandering, en gelowiges word gereeld gekonfronteer met wat hulle na die tafel kan bring, hetsy geldeik of andersins. Die vraag wat ons gereeld onsself afvra is wat ons moet gee, en hoeveel daarvan. Vir wie moet ek gee? Is my iets wat ek gee nie minderwaardig teenoor ander se gee nie?

Om die vraag te begin antwoord met wat kan ons gee. Ons kan begin om aan te wend wat die Here reeds vir ons gee, naamlik die vrug van die Gees, en die Gawes van die Gees.

Gal.5:22. Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Die vrug van die Gees is ‘n ononderhandelbare, onlosmaakbare deel van ons geloofslewe dit is doelwitte waaraan ons moet voldoen om ons verhoudings met God, ons naaste en onsself so helder as moontlik te hou.

Die Gawes van die gees is die ding wat individueel uitgedeel word. Die Here soek spesialiste in die Gawes wat Hy aan Sy kinders uitdeel. Dit is daarom wat ons elkeen ‘n ander kombinasie van Gawes ontvang het.

Waarom is dit belangrik om vir die geloofsgemeenskap te gee?

Kom ons lees hierdie gedig saam:

## The Cold Within

Six humans trapped in happenstance
In dark and bitter cold,
Each one possessed a stick of wood,
Or so the story's told.
Their dying fire in need of logs,
The first woman held hers back,
For of the faces around the fire,
She noticed one was black.
The next man looking across the way
Saw not one of his church,

And couldn't bring himself to give
The fire his stick of birch.
The third one sat in tattered clothes.
He gave his coat a hitch,
Why should his log be put to use,
To warm the idle rich?
The rich man just sat back and thought
Of the wealth he had in store,
And how to keep what he had earned,
From the lazy, shiftless poor.
The black man's face bespoke revenge
As the fire passed from sight,
For all he saw in his stick of wood
Was a chance to spite the white.
The last man of this forlorn group
Did naught except for gain,
Giving only to those who gave,
Was how he played the game.
The logs held tight in death's still hands,
Was proof of human sin,
They didn't die from the cold without,
They died from the cold within.
*- by James Patrick Kinney -*

Maak nie saak hoeveel ons van mekaar verskil nie, ons moet bydra tot die gemeenskaplike doel wat ons het, om die kerk en die funksionering daarvan te laat voortleef.

Op die vraag van hoe ek die gee van iets uitleef: Markus 10 vanaf vers 46 handel oor die verhaal van Jesus en Bartimeus en daar is duidelike 3 maniere van hoe ons die kerk en mense om ons van diens kan wees.

- Die Jesus manier. Nadat Jesus Bartimeus se blindheid genees het, het Hy die woorde gebruik: “Jy kan maar gaan.” Die Griekse woord, Ergomai, wat gebruik word het egter ‘n dubelle betekenis. Dit kan kom of gaan beteken. Dus is Jesus se Woorde aan Bartimeus dat hy ‘n keuse het om op sy eie aan te gaan of in ‘n lewende verhouding met Jesus te wees, die hoop is natuurlik die verhouding, maar Jesus sal dit altyd as ‘n keuse aan ons gee.
    - Ons kan met mense ‘n verhoudingspad loop.
    - Kinders, ouers werknemers, kollegas, ens.
- Die mense wat Bartimeus eerstens weggewys het, en toe aangemoedig het. die samelewing het in bepaalde vlakke gefunksioneer. Jesus was op ‘n baie hoër vlak as Bartimeus gewees. Bartimeus kon nie net na Jesus roep nie, en dit is

waarom die omstanders hom eers stilgemaak het. Nadat Jesus hom roep, het die skare om hulle Bartimeus aangemoedig on na Jesus te gaan. Ons moet dus wanneer ons raad gee, altyd onthou om ware advies te gee.

- Die rol van die onbekende vreemdeling. Dit is die persoon wat naamloos en gesigloos is. Die persoon wie se klein dade Bartimeus elke dag aangemoedig het om weer te gaan sit en bedel, al is dit sleg.

Dit maak nie saak wie ons is nie, dit maak nie saak wat ons kan gee nie. Ons elkeen met wat ons kan bied is ewe belangrik om by te dra tot die groter poel wat daar is om Jesus se nalatenskap te laat voorleef.

*Gebed;*

Here, dankie dan ons kan gee, maak nie saak hoe klein of hoe groot nie, maar dat dit alles bydra tot U grootheid. Amen.

*Slotlied;*

- **Ray Boltz:** Thank you - https://www.youtube.com/watch?v=1lVzeS5i8WQ

*Seënuitspraak:*

Mag die HERE julle seën en julle beskerm –

Mag die HERE Sy aangesig oor julle laat skyn en julle genadig wees –

Mag die HERE Sy aangesig na julle ophef en julle vrede gee –